Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

ONDERSTEUN
die vooraanstaande
MANSUITRUSTERS
**WELGEMOED & Kie.**
h/v Pretorius- en v. d. Waltstr.
PRETORIA




'n Beperkte getal volledige stelle van „Die O.B.",
2de Jaargang, is weer verkrygbaar;
In harde omslag gebind
17/6 per stel posvry
kontant met bestelling
Bestel by VOORSLAG (Edms.) Bpk.
Posbus 1411, Kaapstad

DERDE JAARGANG. WOENSDAG, 15 MAART 1944. No. 17.

# Die Ossewabrandwag is die Yster-Vuis van die Werkers

**Onlangs het 800 blanke werksters van 'n Germistonse klerefabriek 'n geslaagde stryd teen die base gestry vir die behoud van die kleurlyn in die fabriek. Hulle het die stryd gewen en die base moes kopgee.**

**Die Klerewerkersunie, onder leiding van die algemene sekretaris Solly Sacks, het hierop die twee leidsters wat hierdie stryd vir die werkers gewen het, geskors as lede van die vakunie, omdat hulle die kommunistiese gelykstellingsbeleid 'n lelike klap gegee het, deur die base te dwing om af te sien van die indiensneming van kleurlingvroue as masjienwerksters in die fabriek.**

**Omdat die beginsel van die geslote geledere, wat in hierdie bedryf van toepassing is, van die base verg om net lede van die vakunie in diens te neem, moes mev. Nel en mev. Moll uit hul werk ontslaan word en werkloos op straat gegooi word.**

**Hierdie verhaal dwing die Afrikanervolk opnuut tot ernstige nadenke oor die lot van duisende Afrikanerwerkers en -werksters in die stede van ons land.**

## Die Kapitalistiese Baas

Die werker moet in die stad by 'n kapitalistiese baas gaan werk. Die baas, wat in die meeste gevalle ander bloed en 'n ander neus as die werkers het, steur hom nie aan die wel of wee van sy werkers nie. Hy is begaan enkel en alleen oor sy winste. Hy wil sy grondstowwe en sy arbeid so goedkoop as moontlik koop, ten einde die afgewerkte artikel met die groots moontlike wins te kan verkoop. Wat die lot van die werker tydens hierdie produksie-proses is, kan die kapitalistiese baas nie in die minste skeel nie. Om homself teen die uitbuiting van hierdie onsimpatieke baas te beskerm, is die werker verplig om homself te organiseer, ten einde as georganiseerde eenheid te kan optree.

## Kommunistiese Vakunie

Maar watter organisasie het die werker nou in die stad gevind? Hy het 'n kommunisties-gesinde vakunie gevind, onder leiding van 'n Joodse sekretaris. Hy het verder gevind dat hierdie vreemde vakunies hulleself ingegrawe het en hul posisies beveilig het deur ooreenkomste met die base, waarvolgens geen kapitalistiese baas 'n enkele werker in diens sal neem wat nie lid is van 'n kommunistiese of kommunisties-georiënteerde vakunie nie. Hierdie gerieflike ooreenkoms word aangegaan onder die vaandel van die „geslote geledere".

**So ondervind duisende Afrikanerwerkers, wat hul brood in die stad moet verdien, dat hulle fyngemaal word tussen twee onontkombare meulstene — die Kapitalisme en die Kommunisme.**

## Tussen Twee Vure

Die blanke klerewerksters van Germiston, waarvan ons vertel het, het gevind dat toe hulle met die baas klaargespeel het, was hul eie vakunie nog daar om hulle te teister.

En nou moet die betekenisvolste deel van hierdie verhaal vertel word. Toe die werksters alleen gestaan het, verlaat deur sowel baas as vakunie, het hulle na die Kerk gegaan en daar hul nood gekla. **Ten spyte van veertig jaar se partypolitiek was dit die Afrikaanse Volksbeweging, 'n geringe vier jaar oud, wat by monde van sy Kommandant-Generaal onmiddellik hulp aan hierdie werksters gebied het, en wat plek ingeruim het vir hulle onder sy beskermende vleuels.**

## Klag teen Partypolitiek

Dat hy die Afrikanerwerker so skromelik en so gruwelik in die steek gelaat het, is sekerlik een van die felste aanklagte wat die partypolitiek voor die regbank van die geskiedenis sal moet verantwoord. Onkunde kan hy nie pleit nie. Dis oorbekend dat breedsprakige professionele politici jare gelede al begin uitwei het oor die „trek van die Afrikanervolk na die stede". Vandag word aan hierdie mense gevra: **waarom het julle die Afrikanerwerker in die stad net elke vyf jaar ge„canvass" vir sy stem en hom owerigens oorgelaat aan die genade van die kapitalis en die kommunis?**

Die gees van die tyd; die groeiende nood en behoeftes van hierdie geslag van die Afrikanervolk temidde van toestande wat steeds meer en meer handuit ruk, is voorspel tot die verdwyning en totale uitwissing van die huidige partypolitieke stelsel. As onvermydelike historiese kompensasie daarvoor het reeds die Afrikaanse Volksbeweging verrys.

Omdat die verdwynende partypolitiek geen uitkoms en geen hoop vir enige deel van die volk, behalwe die kapitaliste en die professionele politici inhou nie, daarom is dit vooraf bepaal dat sy plek ingeneem moet word deur 'n volksbeweging, wat op regverdige wyse vir elke lid van die volk sal sorg. Ook vir die werkers in die stede.

## Volkseie Sosialisme

Sedert sy trek na die stad het geen Afrikaanse organisasie of liggaam nog ooit 'n tuiste vir die Afrikanerwerker geskep nie. Dit is verstaanbaar, want sedert die trek van die Afrikaner na die stad, en die ontstaan van die verstedelikte Afrikanerwerker, het daar nog geen Afrikaanse sosialistiese beweging ontstaan nie. **Dit was die Ossewabrandwag wat eerste die luide wekroep van Volkseie Sosialisme laat weerklink het en dit was die Ossewabrandwag wat eerste 'n Arbeidslaer, as uiteindelike tuiste van die Afirkanerwerker, daargestel het.**

## O.B .in die Bresse

Die Ossewabrandwag is die eerste Afrikaanse organisasie wat nie net vroom **praat** oor die armsalige en ellendige lot van die Afrikanerwerkers in die stede nie, maar wat bereid is om iets vir daardie werkers te **doen. Die Ossewabranwag is die eerste Afrikaanse organisasie wat nie op hulpelose wyse die feit staan en betreur en betrag dat die Afrikanerwerkers in die stede vir die volk verlore gaan nie; inteendeel die O.B. is besig om 'n volksbeweging uit te bou wat alle Afrikaners sal saambind tot 'n nasionale lotsgemeenskap.** Die O.B. huil en kerm nie niksdoenig daaroor dat Afrikanerwerkers deur die Kapitalisme in die hande van die Kommunisme geja word nie, en dat die Kommunisme die werker van sy volk vervreem en aanskakel by 'n Internasionale Proletariaat van Kaffer, Moor en Indiaan nie — nee, hy het oorlog verklaar teen sowel die Kapitalisme as die Kommunisme en hy stel sy Arbeidslaer daar om die werker en sy vakorganisasie aan te skakel by sy volk.

## O.B.-steun aan Werkers

Daarom is dit tekenend dat die Kommandant-Generaal, dr. Van Rensburg, die eerste en die enigste Afrikaanse leier was om openlik simpatie te betuig met die klerewerksters op Germiston, en hulle volle steun te beloof in hul stryd teen baas en vreemde vakunie. Net die O.B. kan doeltreffende steun aan die werker verleen, want net die O.B. kan kapitalisme sowel as kommunisme, met een magtige hou, verbrysel.

En wat die hulp van die Ossewabrandwag vir die Afirkanerwerker in die stede sal beteken, kan gemeet word aan die sege van die O.B. se vierjarige worstelstryd teen die gevestigde magte in hierdie land. **Die vuis van die O.B. is onverwinlik!** Die waarde van die O.B. se hulp kan ook gemeet word aan die trou waarmee die O.B. vier jaar lank die geïnterneerdes en hul afhanklikes versorg het en nog steeds versorg. **Dit is die wagterskap of die sosialisme van die O.B.**

LEES OOK BERIG OP BLS. 3

# Advokaat word Minister van Landbou

Mnr. J. G. N. Strauss, 'n Johannesburgse advokaat, is benoem tot Minister van Landbou, in die plek van wyle kol. W. R. Collins.

Hierdie aanstelling het veral drie interessante aspekte.

Die feit dat 'n advokaat die septer oor die boere moet swaai, bewys opnuut tot watter mate demokratiese parlementêre regering deur lede van die regsprofessie ge-usurpeer word. Buite alle verhouding tot hul getalle word die parlemente van demokratiese lande deur die politieke partye met advokate en prokureurs volgestop. Dit is ongesond vir die hele volk as lede van een besondere professie te veel verteenwoordigers het in die landsbestuur.

Die noodsaaklikheid van bedryfsverteenwoordiging, soos deur die Ossewabrandwag bepleit word, word sterk beklemtoon deur hierdie aanstelling. Onder 'n stelsel van bedryfsverteenwoordiging geld die organiese wet dat die lede van 'n bedryf hul eie huis in orde moet hou. Dit beteken dat enkel 'n boerende boer Minister van Landbou kan wees, en nooit 'n advokaat of 'n lid van enige ander bedryf nie.

Laastens is hierdie aanstelling ook tekenend van die verval van die parlementêre stelsel. Vroeër was dit 'n ongeskrewe parlementêre wet dat die leier van die meerderheidsparty sy ministers sal trek uit die geledere van sy party se voorbankers. In die geval van min. Strauss is 'n man wat so-te-sê 'n parlementêre vreemdeling is, en geen voorbanker is nie, geroep om minister te word. Nie alleen het die parlement al byna al sy bestuurlike magte verloor aan die koukus en die noodregulasies nie, maar selfs kom die parlementêre leiers — die voorbankers nie langer as vanselfsprekend in aanmerking by die benoeming tot belangrike poste nie.

Nie alleen is hierdie drie punte in verband met mnr. Strauss se aanstelling interssant nie, maar dis ook betekenisvol.

# ISACOWITZ VAN DIE SPRINGBOKLEGIOEN

Die eerste Kongres van die Springboklegioen, wat saamgestel was uit verteenwoordigers van soldate aan die Suid-Afrikaanse tuisfront, sowel as verteenwordigers van verskeie Vakunies, het sersant-majoor Jacob Isacowitz gekies as leier van die Legioen.

Die kongres het besluit dat alle pogings aangewend moet word om die Suid-Afrikaanse soldate aan te skakel by die linkse vakunie-beweging in ons land.

Die doel is oënskynlik om 'n linkse of kommunistiese tuiste saam te flans wat die ontnugterde teruggekeerde soldaat na die oorlog sal kan huisves. Dat die Legioen lelik knyp vir die sukses van hierdie doel van hom, getuig die spotprent in die jongste uitgawe van sy mondstuk, Fighting Talk. Daarin word die O.B. voorgestel as 'n spinneweb en die kommandant-generaal as die spinnekop wat die ontnugterde soldaat probeer nadertrek.

Is die Springboklegioen dan nie die natuurlike tuiste van die Suid-Afrikaanse soldaat nie? En is Jacob Isacowitz dan nie die natuurlike leier van die Suid-Afrikaanse soldate nie? Waarom is hy en sy Legioen dan bevrees dat die soldate vir Hans van Rensburg sal volg en 'n tuiste sal vind in die Afrikaanse Volksbeweging, die Ossewabrandwag?

Sal die antwoord wees dat die Springboklegioen, onder leiding van sers.-maj. Isacowitz glo dat bloed dikker is as water?

**Rommelverwerking:**

- Neem die twee moue van 'n ou manshemp, torring die boordjie af en die nate los. Stik die twee lang kante aanmekaar. Sny die buitenste hoeke rond, en sit 'n borsstukkie aan van die boordjies. 'n Valletjie om lyk mooi. Resultaat — 'n voorskootjie.

* * *



W. VOIGT (Eiens.) Ppk.
Fabrikante van
Kelder- en Besproeiings-masjinerie.
Bus 10, .. HUGENOOT, K.P.

PLUIMVEE
Die beste firma in
JOHANNESBURG
om u PLUIMVEE, EIERS, en ander produkte aan te stuur is:
C. M. ELOFF en Kie, (Edms.) BEPERK,
Posbus 7185
MOREMARK, NEWTOWN

TABBERDS!
GEBLOMDE KATOEN
Pragtige Modelle en Kleure
by
Steyns
PAROW
DIE MODERNE DAMESMODISTE

MARKAGENTSKAP
VROEË MÔRE-MARK
KAAPSTAD
BETALING GESKIED ONMIDDEL-LIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.
BESTE HEERSENDE PRYSE.
MINNAAR & VAN SCHOOR
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

BENODIG
'n Ten volle gekwalifiseerde Drukker (Machine Minder) vir 'n Quad Crown Wharfdale Drukpers. Kennis van illustrasie- en kleurdruk 'n vereiste. Unie-lone. Rig aansoek, vermeldende ouderdom en bevoegdhede aan
PRO ECCLESIA-DRUKKERY,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.

ONDERSTEUN ! ! ! !
Poskantoor Haarkappers
Kerkstraat 173 - - - - - - PRETORIA
vir
DAMES en MANS
Eienaar: NEEF HENDRIK VAN DER WALT

DE KOCK SE GARAGES
Foon 110 Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal.
Foon 10 Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS !
V.M.K. AANBEVEEL.

**Rommelverwerking:**
- Maak verbande van die voering van 'n suikersak. Was, sny in repe en stryk met 'n warm yster.



U TWEELING!
U kan NOU — in die vroeë dae van u werkslewe — reeds al kies hoedat u eendag daar wil uitsien — versorgd en welgemoed, of gedaan gesloof deur geldelike kommer en deur die kwellende besef dat daar vir u en u gesin geen voorsorg of sekerheid bestaan nie.
SANLAM
Kies VANDAG— deur 'n Sanlam-polis
SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
— TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE —
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

# Ontwikkel ons Verkeerswese op Nasionale en Sosiale Grondslag

**(D.L. 3/44.)**

In Suid-Afrika gaan dit maar moeilik om oor die weg te kom. Die huidige petrolrantsoenering en tekort aan voertuie herinner ons opnuut weer aan hierdie feit. Onderlinge verkeer word bemoeilik deur die uitgestrekte en dunbevolkte gebiede van ons land en deur die afwesigheid van waterweë. Vergelyk by voorbeeld ons posisie met dié van Europa wat deurkruis is met bevaarbare riviere en kanale, die goedkoopste verkeersweë waaroor 'n land kan beskik.

### ONDERLINGE VERKEER TUSSEN DIE VOLK

Hierdie swak bedeling vanweë die natuur regverdig ons egter nie om soos 'n Job op die ashoop te gaan sit en ons lot te betreur nie. Inteendeel, dit lê juis die verpligting op ons om altyd ons verkeersvraagstuk vanuit die breë nasionale en sosiale standpunt te beskou. Geen gebied mag in sy ontwikkeling gestrem word deur 'n gebrek aan die nodige verkeersweë nie. Ook mag nie toegelaat word dat 'n volksdeel deur 'n gebrek aan verbindingsmoontlikhede afgesonderd van die res van die volk leef nie.

Onder verkeer sluit ons nie slegs fisiese vervoermiddels soos die motor, vliegtuig, skip, wa en perdekar in nie, maar ook verbindingsmiddels soos die telefoon, telegraaf, radio, televisie en ander kommunikasiemoontlikhede wat nog ontwikkel mag word. **Hoe meer onderlinge verkeer tussen 'n volk, hoe beter die sosiale gees wat die volksgenote onder mekaar ontwikkel en hoe sterker die samehorigheidsgevoel en nasionale bewussyn van daardie volk.** Die een volksgenoot moet vir die ander kan gaan kuier, of per telefoon met hom/haar kan praat, of oor die radio kan bewus word van die bestaan en die wel en wee van die ander.

Ongelukkig moet baie van die twistery onder ons volk juis toegeskryf word aan 'n oordrewe indiwidualisme by baie volksgenote, 'n indiwidualisme wat nie alleen aangewakker is deur 'n gebrek aan verkeersmiddels toe ons voorouers die binneland ingetrek het en afgesonderd oor uitgestrekte gebiede gaan woon het nie, maar wat later ook 'n handige uitbuitingsveld vir die partypolitiek geword het deurdat die een volksgenoot deur allerlei skinderpraatjies teen die ander opgestook is.

### NASIONAAL-SOSIALE VERKEERSBELEID

Vanweë die aard van ons land is dit vanselfsprekend dat die ontwikkeling van ons verkeersweë nie aan private ondernemingsgees oorgelaat kan word nie. Dit is 'n saak wat deur die volk as geheel aangepak moet word. Die noodsaaklikheid van onderlinge verkeer met elke gebied moet ons verkeersbeleid bepaal en nie die winste wat daaruit te haal is nie. **Die oorweging van koste mag nie die verkeersontwikkeling van 'n gebied strem nie, en die koste moet nie slegs deur die betrokke gebied gedra word nie maar deur die volk as geheel.** Deur die ontwikkeling word die bydrae van die betrokke gebied tot die welvaart van die geheel ook verhoog. Daarom sê ons dat die ontwikkeling van ons land se verkeersmiddels altyd vanuit die nasionale en sosiale standpunt beskou moet word.

### KAPITALISME VERONGELUK VERKEERSKOÖRDINASIE

Gelukkig beskik ons reeds oor 'n gesosialiseerde spoorwegstelsel. Ongelukkig het die kapitalistiese gekonkel op 'n demokratiese teelaarde daarvoor gesorg dat die ontwikkeling van ons spoorweë nie altyd op die breë nasionale en sosiale grondslag geskied het nie. **Dit het gedurig 'n ongesonde tariefwedstryd tussen die goudmyne en die landboubedryf en ook tussen die nywerhede aan die kus en dié in die binneland afgegee.** Dit ly geen twyfel dat die ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling van ons land as geheel deur hierdie stryd gestrem is nie. **Ook het dit onder die kapitalistiese stelsel onmoontlik geblyk om 'n heilsame koördinasie tussen spoor-, pad-, see- en lugverkeer te bewerkstellig.** Dink maar aan die onnodige duplikasie van pad- en spoorwegvervoer en die stremmende mededinging wat daaruit spruit.

### TOEGEWINGS AAN DIE VREEMDELING

Die ontwikkeling van ons see-, pad-, lug- en stedelike verkeer is ook baie gestrem deur toegewings aan buitelandse belange en private ondernemings. Die vereistes van die oorlog het weliswaar 'n groter mate van staatsbeheer en ook ontwikkeling van verkeersmiddels deur die staat teweeggebring, maar aan die ander kant staan oorlogsoorwegings ook in baie opsigte in die weg van 'n gesonde ontwikkeling van ons verkeerstelsel, soos maar te duidelik in die geval van die spoorweë blyk.

### IN DIE GESAGSTAAT

Slegs ons eie Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard, sal kan toesien dat ons verkeerswese op 'n waarlik nasionale en sosiale grondslag ontwikkel word. Dit sal nie toelaat dat ons spoorweg ontwikkeling deur botsende belangegroepe gestrem word nie; dat die opbouing van ons eie skeepvaart en ontwikkeling van ons hawens nie deur die belange van buitelandse rederye en die onmag van private ondernemings in die weg gestaan word nie; dat die uitbreiding van ons lugverkeer nie deur buitelandse oorwegings en private ondernemings in die wiele gery word nie; dat die uitbouing van 'n deeglike padnetwerk nie deur plaaslike oorwegings en finansiële tekorte van plaaslike liggame gestrem word nie; **en dat die werkers in die stede nie vir hul vervoer van die winsbelange van private trem- en busmaatskappye afhanklik sal wees, soos nog in die meeste van ons stede die geval is nie.**

### VERVOERKORPORASIE

Slegs ons Gesagstaat sal kan toesien dat elke deel van ons land sy regmatige ontwikkeling ondergaan deur die beskikbaarstelling van die beste verkeersmiddels wat deur die besondere landsomstandighede en tegniese vooruitgang toegelaat word. En dit is net 'n Gesagstaat wat deur die handhawing van sy gesag die beste koördinasie tussen die verskillende verkeersmiddels in een sentrale staatsafdeling of staatskorporasie kan bewerkstellig. Dit sal verhoed dat sommige dele hulle ekonomies doodbloei deur die moordende mededinging tussen 'n oormaat van verkeersmiddels, terwyl ander dele deur 'n gebrek aan verkeersmiddels nie die geleentheid kry om te ontwikkel nie. **Dit sal dan ook nie vir stedelinge nodig wees om terwille van vervoermoeilikhede soos muise in woonstelle in die middestad saam te hok nie. Elke werker kan dan sy eie stukkie grond in die voorstede aanskaf met die wete dat hy hom nie oor sy vervoer na die stad hoef te bekommer nie.**

## MOOI VERGADERING OP CEDARVILLE

Ons het berig ontvang van 'n baie geslaagde vergadering wat op 16 Februarie in die Dorpsaal op Cedarville toegespreek is deur ds. S. J. Stander, die Noodhulpfondshoof. Hoofkomdt. De Kock het as voorsittende offisier opgetree, en genl. Cadle het 'n welkomswoord gespreek. 'n Flinke erewag van manne en vroue was opgestel om genl. Stander te ontvang.

Genl. Stander het oor die liberalisme gepraat wat ons mense uitmekaar hou en verdeel in partye, groepe en klieke, en daarteenoor die organiese eenheidsgdagte van die O.B. gestel. Voorts het hy die sosialistiese strewe van die Volksbeweging verduidelik — die drang na helpmekaar en wagterskap. As voorbeeld hiervan het die generaal die Noodhulpfonds genoem — 'n fonds waartoe almal bydra tot leniging van die nood van elke geïnterneerde, en van elke afhanklike van 'n geïnterneerde.

Die vergadering is afgesluit met die sing van Die Stem van Suid-Afrik

# Germistonse Klerewerksters Hou Stryd vol

## Ossewabrandwag Steun Hulle Daadwerklik

Nadat mevv. Moll en Nel deur die base uit hul werk ontslaan is, omdat Solly Sachs en sy komitee hulle as lede van die Klerewerksters-Vakunie geskors het, het die res van die meisies in die fabriek, 800 in getal, as protes teen die gruwelike en skandalige wyse waarop hulle leidsters deur die Klerewerksters-unie en Solly Sachs geviktimiseer word, in 'n sitstaking getree en geëis dat mevv. Nel en Moll onmiddellik in hul werk herstel word.

**Maar hierdie fabrieksmeisies is van hul lone afhanklik vir hul daaglikse bestaan, en as hul staak ontvang hul geen loon van die base nie; en hierdie meisies het gebots teen die kommunistiese gelykstellingsbeleid van hul eie vakunie. Daarom het die vakunie hulle met boetes en tronkstraf onder die noodregulasies gedreig, instede van aan hulle finansiële hulp te verskaf. Die gevolg was dat hulle die staking weens gebrek aan fondse moes beëindig.**

### DIE WERKSTERS TREE OP

Maar die werksters het die stryd nie gewonne gegee nie. Op 3 Maart is 'n groot vergadering op die Germistonse Markplein gehou, onder voorsitterskap van dr. S. P. van der Walt van Turffontein, om te protesteer teen die handelwyse van Solly Sachs en sy komitee. **Op die verhoog het 'n agtiental verteenwoordigsters van feitlik al die groot klerefabrieke in Germiston plaasgeneem.** Dr. Van der Walt het daarop gewys dat die veronregte werksters hul toevlug na die plaaslike predikante geneem het en dat aldrie Afrikaanse Kerke in hierdie saak saam optree.

### WANTROUE IN SACHS

Naas mevv. Nel en Moll het dr. P. J. Meyer, waarnemende leier van die O.B.-Arbeidslaer ook die woord gevoer. **Op hierdie vergadering het die werksters eenparig hul wantroue in Solly Sachs en sy komitee uitgespreek en 'n blanke klerewerksters-unie geëis.** Verder is besluit, (1) om 'n „skilpad"-staking toe te pas tot tyd en wyl mevv. Nel en Moll in hul werk herstel word; (2) om die fabrieksbase te versoek om die geslote geledere ooreenkoms met die Sachs-unie af te skaf; en (3) om die Kerke en alle volksorganisasies om hul dringende steun te vra.

### O.B. SIT SKOUER BY

**Op hierdie beroep het die Ossewabrandwag dadelik gereageer. By monde van sowel die Kommandant-Generaal as van die Waarnemende Arbeidsleier is die beweging se aktiewe steun aan die werksters toegesê.** 'n Bedrag van £50 is reeds deur die O.B. aan hulle oorhandig, waarmee die stryd voorlopig voortgesit kan word en die wolf tydelik van die deur gehou kan word. Aan die end van die vergadering is nog £10 gekollekteer, sodat die fonds tans op £60 staan. Ds. J. H. Boneschans het ingewillig om as trustee van die fonds op te tree en hy het ook die verrigtings met gebed afgesluit.

### LEIER VAN DIE O.B.-ARBEIDSLAER

Dr. Piet Meyer het in sy toespraak, wat telkens deur die werkers toegejuig is, verwys na 'n pamflet wat daardie dag deur die bestuur van die klerewerksters-unie by al die fabrieke versprei is en waarin beweer word dat Afrikanerliggame die werkers verdeel en agter die protes van die betrokke werksters skuil. Spreker het dieselfde middag ook 'n oproep van een van die Vakunieleiers onder oë gekry waarin verklaar word dat die O.B. die werksters opstook en hulle ook £2,000 steun toegesê het.

**„Terwyl in hierdie verband beweer word dat die Afrikaanse politieke organisasies, waarmee die O.B. bedoel word, slegs daarna strewe om die werkersorganisasies te verdeel en te verswak, wil ek amptelik namens die O.B. hierdie bewering beslis ontken, en beklemtoon dat net die teenoorgestelde die waarheid is.** Volgens Sachs is die O.B. die slang in die gras wat die klerewerksters se lewe vergiftig en hul ondergang beoog.

### WEG MET KOMMUNISTIESE INMENGING

**„Ek vra u om aan Solly Sachs te sê dat die O.B. maar te gretig is om die stryd teen hom aan te knoop.** Aangesien hy van 'n buiteorganisasie, nl. die Kommunistiese groepe, gebruik maak om u strewe na 'n blanke werkersunie en beskermde blanke arbeid te beveg, **sê aan hom dat die O.B. sal sorg dat die kommunistiese inmenging in u sake vir altyd beëindig word, kos wat dit wil.**

„Terwyl Solly Sachs van die Noodregulasies gebruik maak om u af te skrik van u voornemens om u eie arbeid te beskerm, sê aan hom dat hy daarmee nooit die O.B. sal bang maak nie."

### O.B. WIL WERKERSORGANISASIES STERK MAAK

**„Aangesien Solly Sachs beweer dat die O.B. u eie organisasie, wat aan u en nie aan hom behoort nie, wil verdeel en verswak, sê aan hom dat die O.B. sal help om u strydwapen sterk te maak, veral deur die steun van goedgesindes in al die bedrywe oor die hele land agter u in te werp.**

„Sê verder aan Solly Sachs dat die O.B. vir u 'n gesonde eie sosialisme tot besieling en rugsteun bied in die plek van sy vreemde, in Moskou-vervaardigde kommunistiese gelykstellingsbeleid wat op u vernietiging afstuur."

„Sê aan Solly Sachs dat die O.B. die fanatieke teenstander van die uitbuitende kapitalisme en anti-nasionale Kommunisme is en dat die O.B. nie sal rus voordat albei totaal uitgeroei is nie. Die O.B. sal sorg dat u nog aan die geldwolwe nog aan die swart-wit-kommuniste uitgelewer word."

### DIE DAAD VAN DIE O.B.

**„Die O.B. praat nie net nie maar handel as groot werkersbeweging in belang van die werkers. Aan u leidsters, mevv. Nel en Moll, sal die O.B. hul vol salaris uitbetaal totdat die stryd gewen is. En as meer slagoffers deur die stryd geverg word, sal die O.B. na die beste van sy vermoë help om in hul tydelike behoeftes te voorsien.**

„Die O.B. stel hom tot beskikking van, en steun heelhartig die pogings van die plaaslike komitee van predikante om u sake te behartig.

„Oor hierdie selfde beginsel het 'n geweldige staking in 1922 oor die Rand versprei. **Aan die Kapitaliste en Kommuniste gee die O.B. die versekering dat, as hulle weer 'n dergelike staking wil veroorsaak, dit nie soos in 1922 op 'n mislukking sal uitloop nie maar sal eindig in die grootste arbeidsoorwinning van ons geskiedenis."**

## BRANDWAG-BYSTANDSDIENS

Ons bring baie graag onderstaande kennisgewing onder die welwillende aandag van ons lesers:

Die volgende persone het om 'n betrekking by die Brandwag-Bystandsdiens aansoek gedoen. Iemand wat 'n vakature beskikbaar het moet asseblief volle besonderhede stuur aan die Sekretaris, Brandwag-Bystandsdiens, Posbus 5754, Johannesburg.

1. 'n Jong man (23 jaar), getroud, geen kinders, matriek-sertifikaat, klerikale ondervinding, gedissiplineerd opgelei, soek klerikale betrekking.

2. 'n Goeie Afrikaner (48 jaar), blakende gesondheid, getroud, een kind, gedissiplineerd opgelei. Kennis van algemene boerdery, soek werk as voorman op 'n plaas, verkieslik Oostelike Vrystaat.

3. Nog 'n goeie Afrikaner (47 jaar), getroud, 3 kindertjies, ambag wamaker, mynwerker, motorbestuurder; soek betrekking, verkieslik Johannesburg of Pretoria.

4. 'n Jong man (22 jaar), ongetroud, klerikale ondervinding, soek klerikale betrekking, verkieslik Bloemfontein.

ALMAL VIR ELKEEN EN ELKEEN VIR ALMAL!


AFRIKAANSE PERS-BOEKHANDEL
se Nuwe Skema—

# DIE KIES EN KEUR-SKEMA

## VERSAMEL DIE BESTE en BOU U EIE BIBLIOTEEK DAARMEE!




Die Beste Boek van die Maand teen 'n Afslag van 10%.

## — TEKEN DADELIK IN —

BOEKE IS TOG DIE BESTE VRIEND EN 'N AFRIKAANSE HUISGESIN SONDER 'N AFRIKAANSE BIBLIOTEEK IS — OORDEEL VIR USELF. DINK AAN DIE GENOT WAT DIT AAN USELF EN U HUISGESIN SAL VERSKAF OP AANDE AS U TUIS MOET BLY!

BOEKE VERRYK U GEES
VERRUIM U KENNIS VAN DINGE
En U BEGRIP VAN MENSE!

### HOE DIE SKEMA WERK:

BOEKE:

1. Begin elke maand word die beste boek onder DIE wat die vorige maand verskyn het aan intekenare op hierdie skema, gestuur.
2. Indien verlang, word meer dan een boek per maand gelewer.
3. Die boeke bly u eiendom.
4. Die keuse kan u doen OF aan ons toevertrou.
5. Indien ons kies meld asb. watter soort boek u verkies, b.v.: Ernstige romans, liefdes, geskiedkundig, wetenskaplik of ontspanning.
6. Indien u kies word 'n lys van die publikasies aan u gestuur om van te kies.

REKENINGE:

7. Intekenare betaal 5/- deposito by intekening. Terugbetaalbaar by bedanking.
8. 'n AFSLAG van 10% word toegelaat.
9. Rekeninge betaalbaar BINNE 30 DAE.
10. Enige bedrag kan vooruitbetaal word. Sodoende verhoed u klein maandelikse rekenings.

### INTEKENVORM

Aan DIE BESTUURDER,
Afrikaanse Pers-Boekhandel,
De Villiersstraat 15,
Posbus 845, Johannesburg.

Meneer,

Geliewe my naam op te neem as intekenaar op DIE KIES EN KEUR-SKEMA. Ek sluit hierby 5/- in, synde die deposito. *Ek kies self OF laat dit aan u oor. Ek verkies............................................boeke.
(Meld asb. soort)

Handtekening..........................................

NAAM ..........................................

ADRES ..........................................
..........................................
..........................................

BESIGHEIDSADRES:
..........................................
..........................................
..........................................

Datum..........................................

(* Skraap watter nie van toepassing)

DIE O.B., WOENSDAG 15 MRT. 1944.

# Die Afrikanervolk

By geleentheid van sy jongste groot toespraak op Stellenbosch het die Kommandant-Generaal twee belangrike waarhede ten opsigte van die Afrikanervolk beklemtoon.

Eerstens het die K.G. gewys daarop dat waar die Afrikanervolk vroeër 'n plattelandse boere-volk was, daar is hy vandag 'n stedelike werkers-volk. Vyftig jaar gelede was ons 'n volk van boere, vry, selfstandig en met weinig om oor te kla. Vandag is die oorgrote meerderheid van die lede van ons volk verstedelikte werkers. Hieraan het die K.G. toegevoeg dat die Afrikanervolk nie alleen verstedelik het nie, maar ook verarm het . Die Afrikaner het na die stad gegaan en moet vandag nog gaan as werknemer, nie as werkgewer nie.

Die werkgewer vir wie hy in die stad moet werk is oorwegend nie-Afrikaner; en buite alle verhouding is hy 'n Joodse immigrant. Hieraan kan toegevoeg word dat die organisasie waarby die Afrikaner in die stad moet aansluit die ingevoerde Vakunie is. En tot skade van die Afrikanerwerker en skande van die Afrikanervolk is glad te veel van die Unies se sekretarisse Jode of Kommuniste.

Dis harde feite hierdie waarvan die Afrikanervolk nie alleen moet kennis neem nie, maar die betekenis waarvan aanvaar moet word met al sy konsekwensies.

Tweedens het die K.G. daarop gewys dat die Afrikanervolk 'n organiese eenheid is. Die boer op die platteland en die werker in die stad is lede van een lotsgemeenskap, want die plattelandse seun en dogter van vandag is die stedelike werkers van môre. As die plaas nie langer 'n heenkome vir die plattelandse seun en dogter kan bied nie, is daar net een alternatief vir die oorgrote meerderhaid van hulle — om werker in die stad te word. Die stad is die groot opgaardam waar die uitheemse baas, met onverbiddelike reëlmaat, jaar na jaar, meer en meer plattelandse seuns en dogters, as stedelike werkers en werksters, opvang.

Alhoewel die partypolitiek die neiging vertoon om stad teen platteland in die harnas te ja en die kommunisme altyd probeer om die werker teen die boer op te stook, is die bewys onteenseglik daar dat die Afrikanerboer op die platteland en die Afrikanerwerker in die stad 'n onbreekbare eenheid is, — 'n organiese geheel, die Afrikanervolk.

So het die K.G. in groot lyne, met meesterhand die Afrikanervolk geskilder. As dit die volk is, wat sal dan sy strewe wees? Hierdie geslag van hierdie trotse volk kan onmoontlik na iets anders strewe as na sosiale geregtigheid. Die volksbeweging van hierdie volk ken net een ideaal — 'n Gesagstaat, nasionaal en sosiaal van aard; en hy ken net een ideologie — Volkseie Sosialisme.

## DIE K.G. SÊ:—

**Stad en Land gaan hand aan hand.**

## WAT GAAN DIE VYFDE OORLOGSOMER OPLEWER?

Op die vooraand van die vyfde oorlogsomer is 'n bietjie spekulasie oor die komende krygsverrigtinge geoorloof. Meer as spekulasie en bespiegeling kan dit nie wees nie, want selfs die generale staf van 'n oorlogvoerende land weet so weinig van wat die vyand in die skild voer dat selfs hy tot groot mate op spekulasie en bespiegeling aangewese is. Vir die kommentator wat nie eers oor die gegewens van sy eie generale staf beskik nie, is die aard en wese van komende krygsverrigtinge nog baie meer onseker. Tog is die vraag: wat van die dag van môre? vir elke beskaafde mens 'n natuurlike vraag en is verligte en ingeligte bespiegeling, vry van wensdenkery en onafhanklik van die geweldige oorlogspropaganda, selfs oor komende oorlogsgebeurtenisse, geen onbesonnenheid nie.

### Die Verskillende Oorlogsfronte.

Die ondervinding van hierdie en ander oorloë het ons geleer dat krygsvoering gedurende die somermaande op sy bedrywigste is. Daar is natuurlik uitsonderinge. Daar is lande waar somerhitte en somerreëns grootskaalse oorlogsvoering onmoontlik maak, of lande waar vriesweer nodig is om oor gevaarlike moerasse heen te kom. Een van hierdie uitsonderings is die Verre Ooste met sy geweldige somerreëns. Dit is dan ook onwaarskynlik dat die Verre Ooste binne die volgende maande 'n landoorlog van betekenis sal sien. Dit lyk onwaarskynlik dat die Japanners binnekort verdryf sal word uit die groot gebiede wat hulle van Amerika, Brittanje en die Nederlande verower het, of dat selfs Singapoer of die belangrike Birma-pad binnekort weer in die hande van die Geallieerdes sal wees. Die militêre prestasies van Amerikaners en Britte in die Verre Ooste lyk nog maar altyd baie power teenoor die geweldige Japanse verowerings. Dit is egter nie uitgeslote nie dat die Geallieerdes hulle op see en in die lug binne die komende maande meer sal laat geld.

Wat die Europese oorlogsfronte betref, behoort daar in die komende somermaande groot bedrywighede te wees. Dit is waarskynlik dat die Russe hul groot offensief wat hulle sedert die dae van Stalingrad begin het, verder sal probeer voortsit. Tot dusver het hulle veel Russiese grondgebied teruggewen. Ondanks die Britse propaganda, waarvolgens die Duitsers in Rusland voortdurend in gevaarlike krisisse sou verkeer, het daar nog geen tweede Stalingrad plaasgevind nie. Nog onlangs sou die Russe tien Duitse divisies ingesluit het. Toe Moskou uiteindelik die resultate van hierdie insluiting bekend gemaak het, was dit duidelik dat hier van geen tien divisies die rede kon wees nie. Opmerklik is dit ook dat die Russiese generaal, wat hierdie insluiting sou bewerkstellig het, om „gesondheidsredes" deur Stalin verwyder is en deur 'n ander generaal vervang is. Die Russiese front bly egter nog altyd die krisissentrum van die hele oorlog. In die komende maande sal dit moet blyk of die Russe in staat is om hul „mars" voort te sit en of die Duitse leër nog by magte is om verrassings te lewer.

Binne die komende maande sal die Angel-Saksers ook 'n tweede front in Wes-Europa moet oprig. Die ondervindings wat hulle in Italië opgedoen het, is nie alte prettig nie. Dit is selfs vir die optimiste onder hulle duidelik dat 'n suksesvolle landing en oprigting van 'n tweede front in Wes-Europa geen kinderspel gaan wees nie. Dit is egter moeilik om te sien hoe hulle daarin sal kan slaag om 'n tweede front verder uit te stel. Dit is dus waarskynlik dat die komende maande groot Angel-Saksiese militêre bedrywighede in Italië sowel as elders in Europa sal sien. Die intensiewe lugaanvalle op Duitsland skyn 'n voorbereiding vir die tweede front te wees.

### Ander Moontlikhede.

Die komende maande mag ook op nie-militêre gebied allerlei verrassings beleef. As ons ons eie land as vorbeeld neem dan lyk dit of geesdrif vir die oorlog iets is wat tot die verlede behoort. Dit is wel waar dat ons Volksraad nog 'n groot bedrag vir die oorlog stem, dat ons in Suid-Afrika nog baie mans en vrouens in uniform sien. Dit is egter ook waar dat dit met die rekrutering van frontsoldate nie voor die wind gaan nie. Daar skyn 'n algemene oorlogsmoegheid te wees by diegene wat nie persoonlike voordele uit die oorlog trek nie. Die uitgebreide stakings in Amerika, Brittanje en Australië wys ook daarop dat daar baie mense is vir wie dollars en sjielings swaarder as die oorlog weeg. Die stakende arbeiders glo klaarblyklik nie in die beloofde sosiale paradyse van na die oorlog nie. Daar sal ook seker Britte en Amerikaners wees wat nie graag oorlog wil maak om die Russiese kolos in die plek van Duitsland te stel nie. Dit is dus glad nie uitgeslote dat ons binne die volgende maande op militêre sowel as op nie-militêre gebied met allerhande moontlikhede te doen sal kry nie. Dit lyk of die oorlog 'n krisispunt nader. Sal dit die Geallieerdes wees wat in hierdie krisisuur die inisiatief sal neem of sal dit weer die vyand wees wat met 'n verrassing voor die dag sal kom? Sal binnelandse onrus in kapitalisties-demokratiese lande of militêre onderwerping van Duitsland en Japan die deurslag gee?

## NOG 'N VRIENDSKAPSENTRUM GEOPEN

**In die jongste tye het die Ossewabrandwag, op verskeie plekke in ons land, vriendskapsentrums geopen.**

**Met blydskap het ons berig ontvang, afkomstig van hoofgeneraal Jurgens Schoeman, oor die opening van 'n Vriendskapsentrum op Oudtshoorn. Dit is 'n teken van krag en gesonde groei. Ons wens die Oudtshoornkommandos van harte geluk met hul prestasie, en roep hul toe: hou die fakkel brandend.**

**Wie sal die eerste wees om hierdie mooi voorbeeld te volg? Waar sal die volgende Vriendskapsentrum geopen word?**

## MOEDERTAALSTRYD

Ons bepaal graag die aandag van ons lesers by 'n verklaring wat deur die voorsitter van die Nasionale Instituut vir Opvoeding en Onderwys, prof. J. C. van Rooy, aan die pers oorhandig is. Die N.I.O.O. is 'n afdeling van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, en is spesiaal deur die Volkskongres insake Moedertaalonderwys, wat onlangs in Bloemfontein gehou is, as aksie-komitee vir hierdie saak aangestel.

**Die N.I.O.O. verklaar tans dat hy gereed is om die landswye leiding op hom te neem van die stryd in belang van moedertaal-onderwys.**

Fondse word dringend benodig en die N.I.O.O. doen derhalwe 'n beroep op alle goedgesinde Afrikaners, om ruimskoots vir hierdie saak by te dra; en hulle in belang daarvan te beywer.

Amptelike kollektelyste van die N.I.O.O. om geld in te samel vir die moedertaal-strydfonds, is verkrygbaar van: **Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, Posbus 8711, Johannesburg.**


MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU !

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

DIREK VAN FABRIEK AAN BOER

Kapkartuie £10. Swaar £13-10-0; Enkel Kartuig £8-15-0; Muiltuie £15; Donkietuie £7-10-0; Tooms vir Muile 16/6; Tooms vir Perde 13/6; Tooms vir Donkies 6/6; Ligte Halters 6/-; Swaar 9/6; Saals kompleet £5; Borsplate vir Donkies (lig) 6/-; Swaar 9/6; Borsplate vir Voormuile £1-6-0; Agter £1-8-6.

K.M.B. Onmiddellikke aflewering op ontvangs van Bestellings. Tevredenheid gewaarborg.

Geen K.B.A aflewering.

Volkskoper Mark Beperk, Wolhuterstraat 62, Newtown, JOHANNESBURG.

P. A. WILKEN

MAKELAAR, VENDUAFSLAER

BOEDELBEREDDERAAR

Hoofkantoor: Spoorbondkasgebou, DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG. (Telefoon: 33-1706 en 33-0138)

Takkantore:

RANDFONTEIN, Hoofstraat 19. Foon 671250.
POTCHEFSTROOM, Kerkstraat 57. Foon 187.


HOOFKOMMANDO E.3.a.

'N BOERE EETMAAL

word gehou vanaf 6 n.m.

op

17 MAART 1944

in die

*BRIXTON-KERKSAAL*

ETE VIR ALMAL
ALMAL VIR ETE

*BRANDWAGTE AANDAG !*

HOU HIERDIE DATUM IN GEDAGTE!

op

*27 Maart om 8 nm.*

WORD 'N VERGADERING VAN BRANDWAGTE EN OFFISIERE

in die

Ebenaeser-Saal
MAITLAND

Toegespreek deur:
H/GENL. DR. F. DU TOIT VAN ZYL.

Almal word hartlik uitgenooi.


O.B.-OFFISIERE EN BRANDWAGTE! — TEKEN U AL IN OP

WAPENSKOU

- Publikasiemedium van studielaerstukke.
- Verskaf nadere toeligting i.v.m. dienslaeronderwerpe en die volksbewegingsbegrip.
- Die blad geniet die aktiewe medewerking van bekende Afrikaanse deskundiges op ons universiteite en in die volkslewe.
- Die K.G. sê van Wapenskou: „Wapenskou, die amptelike orgaan van die A.N.S., stam uit denkende kringe van jong Afrikaners wat trag om helderheid te vind en te versprei. As sodanig verdien dit die noukeurige aandag van die strydende geledere."
- Teken in by: Die Uitgewers, Wapenskou, Bus 28, Stellenbosch.
- Intekengeld: 5/- vir 4 uitgawes p.j.


ROAF ROLPRENTVERTONING

REISPLAN GEBIED F.

DIE ONTWAAKTE AFRIKANERDOM.

| | | | |
|---|---|---|---|
| PRETORIA | 6 tot 11 Maart | GRASKOP | 31 Maart |
| BYNESPOORT | 13 „ | SABIE | 1 April |
| RUS DE WINTER | 14 „ | NELSPRUIT | 3 „ |
| NYLSTROOM | 15 „ | MACHADODORP | 4 „ |
| NABOOMSPRUIT | 17 „ | LYDENBURG | 5 „ |
| P.P. RUS | 18 „ | DULLSTROOM | 6 „ |
| LIMBURG | 20 „ | BELFAST | 8 „ |
| SYDNEY | 21 „ | CAROLINA | 11 „ |
| SWARTWATER | 22 „ | BRITS | 3 Mei |
| PIETERSBURG | 23 „ | RUSTENBURG | 4 „ |
| LOUIS TRICHARDT | 24 „ | KOSTER | 5 „ |
| DAVIESVILLE | 27 „ | SWARTRUGGENS | 6 „ |
| DUIWELSKLOOF | 28 „ | GROOT MARICO | 8 „ |
| ORIGSTAD | 30 „ | ZEERUST | 9 „ |

Die glansryke opvolger van die Gedissiplineerde Afrikanerdom.
Op die vlaktes en oor die heuwels van ons Vaderland klink sy voetval......In onstuitbare beweging na sy eindoorwinning.

ORAL HET 'N VOLK WAKKER GEWORD!

Die Rolprent wat elke Afrikaner moet sien !

# VRYHEIDSDAGVIERINGS

**Vanjaar, net soos in die verlede, is Vryheidsdag weer dwarsdeur die lengte en breedte van ons land, op skouspelagtige wyse gevier. Van heinde en ver, uit die groot stede en uit die klein dorpies, het berigte ingestroom van geesdriftige menigtes en van, op die klein plekkies, nie minder geesdriftige handjievols nie, wat saamgetrek het, op 26 Februarie, om opnuut trou te sweer aan die nasionaal en sosialistiese republiek van die vrye Afrikanervolk van die toekoms.**

**In die noorde het die groot vierings op Amajuba, wat, afgesien van die Transvaal, mense uit Natal en Noord-Oos Vrystaat getrek het; Pretoria; en die Witwatersrand plaasgevind. In die suide het Kaapstad en Stellenbosch, waarheen as gevolg van die K.G. se aanwesigheid, mense uit alle dele van die westelike provinsie gestroom het, baie geslaagde funksies gereël.**

**Uit die verskillende gebiedskwartiere kom berig, nie alleen van die suksesvolle sametrekkings nie, maar ook van die ruime offers wat gestort is in die Kissie vir die Noodhulpfonds. Uit hierdie berigte blyk ten oorvloedigste dat die Afrikaanse volksbeweging by uitnemendheid die Vryheidsbeweging van die Afrikanerdom is en dat in die O.B. die wagterskap-beginsel reeds prakties uitgeleef word.**

**'n Volk wat in beweging is, op mars is, na sy vryheid en na sosiale geregtigheid kan nie gekeer word nie. Nie verniet het die gloed van die Vryheidsvure op die aand van 26 Februarie die Afrikaanse uitspansel rooi getint nie.**

## AMAJUBA

**Gelyktydig met die vryheidsvlamme oor die hele land, het die groot Vryheidsvuur op die kruin van Amajuba — monument van Boeredapperheid en -onverwinlikheid — opnuut vanjaar op 26 Februarie die vryheidstrewe van die Afrikanerdom aan die wêreld verkondig.** Ook op die feesterrein is 'n Vryheidsvuur aangesteek en hier is dieselfde program uitgevoer wat vir die hele land voorgeskryf is.

### MET OSSEWA EN MOTORKAR

Ondanks die grootste struikelblokke, soos die tekort aan brandstof, vervoermiddels, ongunstige weersomstandighede, oorstromings, ens., het brandwagte weer uit veraf-geleë dele van die Transvaal, Vrystaat, Natal en selfs 'n enkeling uit Wes-Kaapland toegestroom.

Reeds vanaf Donderdag het die feesgangers aangekom; sommige met die ossewa, ander per motorkar, perdekar en nog andere te perd. Gou-gou was jaarlange geskeie ou vriende weer gesellig om die kampvure byeen, waar 'n blymoedige gees geheers het, en 'n stralende versekering van 'n verwonne stryd op alle gesigte leesbaar was.

Die verrigtinge van hierdie Sentrale Vryheidsfees het Saterdagoggend om 9-uur begin met 'n vlaghysingsplegtigheid op die feesterrein. Hierna het jeughoofkomdt. H. du Toit (Gebied E) die aanwesiges welkom geheet, waarna genl. G. Puren, stafhoof van die Noodhulpfonds en offisier-in-bevel van die verrigtings sy openingsrede gelewer het.

### NA DIE KRUIN

Later in die oggend het die optog na die kruin van Amajuba begin. Daar aangekom het hoofgeneraal ds. S. J. Stander 'n diens gehou en ook die aanwesiges toegespreek. Dit is gevolg deur die plegtige hysing van die vlag op die kruin van die berg en die saluut. Om 12-uur was die verrigtinge afgehandel en is die terugtog na die feesterrein aanvaar. In die namiddag het die Natalse Gebiedsleier, genl. Tos Pienaar 'n toespraak gehou.

### EEN VOLK, EEN GOD, EEN LEIER

Genl. Pienaar het verklaar dat ons, as O.B., vandag veral aan hom dink wat aan die hoof staan van ons Volksbeweging, en van wie sal afhang die regte keuse, vir die sielkundige oomblik waarop die O.B., as versinnebeelding van ons volk in beweging, sal moet voortmarsjeer tot verwesenliking van ons ideale. Soos die verlede ons roep tot pligsvervulling, in die mate gevoel ons die plig wat op ons rus teenoor die toekoms. Ons gaan nie toelaat dat in die annale van die geskiedenis van ons volk geskryf sal staan dat ons ons plig versaak het teenoor toekomstige geslagte nie; en dat ons nie gesorg het dat die erwe van ons vaders die erwe van ons kinders bly nie. Soos één groot familie gaan ons voortbeweeg tot verwesenliking van ons republikeinse bestemming, onder één God en onder één leier, het die generaal ten slotte verklaar.

Die Sondag is rustig deurgebring met 'n diens in die oggend en ook een in die middag, albei waargeneem deur hoofgeneraal ds. Stander.

Opnuut besiel vir die onverbiddelike voortsetting van die Vryheidstryd, het die jubelende feesgangers Amajuba, die inspirasiebron van Afrikanervryheid, verlaat.

## PRETORIA

Klipkoppies was vanjaar weer die terrein van 'n luisterryke Vryheidsdagviering in die administratiewe hoofstad van die Unie. Die Boerejeug van Pretoria het die voorreg gehad om vir hierdie geleentheid hul leier, genl. Dirk van Rooy, in hul midde te hê en hulle het dan ook die viering hul eie gemaak. Met 'n deeglik opgestelde erewag van 400 seuns en dogters is die Jeugleier die middag op die feesterrein welkom geheet.

### KRINGE OM DIE VUUR

Die jeug het ook die aand 'n indrukwekkende kleur aan die verrigtinge om die Vryheidsvuur verleen. Hulle het twee kringe om die houtstapel gevorm, die dogters in die binneste kring en die seuns in die buitenste. Elkeen het 'n fakkel in sy hand gehad. Net voor die vuur aangesteek moes word, het 'n puik afdeling van die Boereseuns, elkeen deftig geklee met groen hemp, rybroek en kamaste en opgeslaande hoed met 'n veer daarin, die brandende fakkels ingebring. Een is aan die offisier-in-bevel, generaal dr. Tj. Büning, oorhandig en met die ander is die honderde fakkels van die Boerejeug wat om die houtstapel opgestel was, aangesteek.

### DIE LIED VAN JONG S.A.

Toe al die fakkels gebrand het, het genl. Büning die teken gegee en die dogters in die binnenste kring het soos één vorentoe beweeg, om die vuur saam met hom aan te steek. Daarna het hulle met dieselfde gelyke beweging na agter getree en die seuns in die buitenste kring het ook soos één man na vore getree en hul fakkels in die vuur geplaas. Terwyl die vlamme lustig in die hoogte gelek het, is die Lied van Jong Suid-Afrika uit volle bors aangehef.

### NOODHULPFONDS

Nadat die drie minute-saluut en die Vryheidsverklaring en Gelofte voorgelees is, het die Jeugleier, in gelid gevolg deur die Boerejeug, verby die wagte gestap om hul bydraes vir die Boerejeug-Noodhulpfonds te stort. Daarna het die aanwesige brandwagte en ander persone ook in gelid verby die vuur gestap en het elkeen sy stuk hout daarin gewerp, waarop elkeen ook sy geldelike bydrae tot die Noodhulpfonds in die offerkissie geplaas het.

Voor die aansteek van die Vryheidsvuur is die Amajuba-kantate op indrukwekkende wyse deur 'n vrou en 'n aantal manne voorgedra.

### GESELLIGE VERKEER

In die middag is volkspele gespeel en om die kraampies het dit druk toegegaan om die meer as 1,000 feesgangers te bedien. Die Pretoriase generaalskap was egter vasberade om die Noodhulpfonds met 'n aansienlike bedrag te styf en die vroue het hul lyf nie weggesteek nis. Die resultaat is nog nie bekend nie aangesien baie van die kollektelyste nog moet inkom.

## HOU SO AAN

**Die Wes-Kaaplandse Gebiedskwartier berig dat die kommandos in die Kaapse Skiereiland 'n gesamentlike Vryheidsfees gehou het. Hoewel baie offisiere en brandwagte verlof gekry het om na die K.G. op Stellenbosch te gaan luister, is by geleentheid van die Kaapse fees nogtans £274 vir die Noodhulpfonds ingesamel.**

### SAAM VIR DIE REPUBLIEK

Die Jeugoffisiere het die middag ook koffie saam met hul leier geniet, en die aand het die jeug vir die ete vir die hoër offisiere gesorg. Voor die aanvang van die voorgeskrewe verrigtinge vir die aand het die genl. Van Rooy die aanwesiges toegespreek. Hy het daarop gewys dat ons Kommandant-Generaal, dr. Hans van Rensburg, die eerste persoon was om te sê: ,,Weg met partypolitieke skeidslyne, ons gaan almal saamstaan vir 'n republiek".

## DIE RAND

Ook op die Rand is verskeie Vryheidsdag-sametrekkings gehou en het die gloed van Vryheidsvure vir 'n tyd lank 'n helderder glans oor die groot stad met sy honderde nywerhede gesprei. Volgens berigte wat reeds ontvang is, is sametrekkings gehou te Vlakfontein (naby Krugersdorp), Geldenhuys Park (Melville), Braamfontein (middel-stad) en Primrose (Oos-Rand).

Genl. dr. P. J. Meyer, Voorligtingshoof, was die spreker te Geldenhuys Park. Hy het veral gewys op die sosialistiese hoop wat die O.B. vir die ekonomies geteisterde Afrikanerdom inhou.

### GENL. LOUIS BOOTHA

Die Suid-Transvaalse Gebiedsleier, genl. Louis Bootha, het 'n besoek aan die sametrekking te Geldenhuys Park gebring en ook by die funksies te Vlakfontein en Primrose opgetree. Sy boodskap aan die Afrikanerwerker en -werkster wat daagliks vir hul brood veg is dat die O.B. by hulle staan in hul stryd teen die kapitalis, ongeag of hulle sy vriende of vyande is. **As dit vir hulle nodig word om in die swaar tyd van depressie wat voorlê, 'n bees te slag om hul honger te stil, dan sal dit 'n O.B.-bees wees.**

Genle. K. Malan, Gebiedshoofvrou vir Suid-Transvaal, het as spreekster by die sametrekking te Vlakfontein opgetree. Hoofkomdte. Röscher het die funksie te Braamfontein bygewoon.

LEES OOK BERIGTE OP BLS. 6

## ONS BRING HULDE

**Genl. P. J. Grobbelaar berig dat met die viering van Vryheidsdag op Stella, naby Vryburg, die volgende treffende toneeltjie afgespeel het.**

**Ouma Niewoudt, die moeder van veldkt. C. Niewoudt, het 'n rolletjie van ag pond note (altesaam £8) in die Kissie vir die Noodhulpfonds gestort, terwyl sy die volgende woorde gespreek het:**

**,,Ag pond . . . 'n Pond vir elke seun wat ek in die konsentrasiekampe gedurende die Engelse Oorlog verloor het."**

**Toe hoofkomdt. Jordaan die ou moeder daarna spesiaal wou bedank, het sy geantwoord: ,,Ek verdien nie dank nie, ek probeer net my plig teenoor my volk doen."**

**Daar is niks meer om te vertel nie. Net nog dit. Ouma Niewoudt is nie ryk nie. Sy is maar arm . . . aan geld.**

**Rommelverwerking:**

- Tandeborselsteeltjies, gesaag en gaatjies ingeboor, maak fraai knope.

OVA (Koöp.) BEPERK

UNIALE AFSLAERS

Die grootste en doeltreffendste organisasie van sy soort in die Unie van Suid-Afrika, is Uniaal geregistreer op 1 Desember 1941. Vooraanstaande boere, van wie ook op die Direksie dien, het hierdie diensgewende saak in die lewe geroep en aansoek om aandele word gretig aangevra. Wat van U?

Tree in verbinding met:

Die BESTUURDER, Bus 705, Foon 2005, BLOEMFONTEIN.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: ,,'N BOODSKAP AAN U."

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ..............................

Naam ..............................

Adres ..............................

(O.B., 15 Maart 1944)

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18, JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

# *Geklassifiseerde Advertensies*

## GEBOORTE

**HUMAN.** — Van die Heer ontvang op 22 Feb. 'n O.B.-boetie vir Cornelis. Die dankbare ouers Kosie en Jean Human, Honingfontein, Riversdal.

**GELDENHUYS.** — Aan Veldkt. en Veldkte. Geldenhuys, Sutherland, 'n fris dogtertjie op 14 Februarie. Naas die Heer ons dank aan sister. Ons dank ook ons vriende vir belangstelling en hulpvaardigheid.

**KOTZE.** — Aan mnr. en mev. D. Kotze, 'n fris seuntjie op die 2e Maart. Ons dank die Heer. Frisgewaagd, Moorreesburg.

## VERLOWING

**NEL—ERASMUS:** Hiermee wens Johanna, enigste dogter van mnr. en mev. C. Erasmus, Randorn, Merweville en Attie, tweede seun van mnr. en mev. M. Nel, Beaufort-Wes, aan vriende(inne) bekend te maak dat ons op 23 Maart 1944 om 4 n.m. verloof gaan raak.

## IN MEMORIAM

**MINNAAR.** — Agt jaar van stille trane en eensame verlange is verby en weer dink ons met droefheid terug aan 26 Maart 1936, toe van ons so onverwags weggeroep is, ons dierbare moeder, en dogter, Chrissie. „Ons treur oor jou in stilte, ons noem dikwels jou naam, maar al wat antwoord gee, is jou portret in 'n raam." Haar verlangende kinders en ouers. Southfield.

**STANDER—VAN ROOYEN:** Twee kransies van liefde en verlange op die graftes van ons dierbare moeder Maggie Stander en ouma van Rooyen, ons so skielik ontneem 14 Maart 1939 te Oudtshoorn.

As die nag sy donker sluier
Saggies om die aarde vou,
Is daar weemoed moederslief
In ons harte wat verlang na u.

P. en M. Möller, Observatory.

## PERSOONLIK

DIE EERSTE EGTE AFRIKAANSE AFSLAERSBESIGHEID.—Vendusies word enige tyd op enige plek gereël. In ons vendusie lokale word artikels ook enige tyd uit die hand verkoop. Ons is ook Eiendomsagente en reël verbande. **Afrikaanse Nasionale Afslaers en Agentskap Maatskappy (Edms.) Bpk., Sanlam-Gebou, Pretoria. Foon 2,1360. — Posbus 515.**

Waarom besorg wees oor Eiendom wat u graag wil koop, verkoop of huur, en selfs as u wil laat bou? **Parwood Eiendoms Agentskap** is daar om in al u eiendomsbehoeftes te voorsien. Wat ons nie dadelik het nie, is vir ons 'n plesier op ons koste vir u te soek. Ons spesialiseer in klein plasies en huise wat binne bereik is van u sak.

Al wat ons van u verlang is ons te vertrou met die besonderhede van u moeilikheid, en aan te neem dat ons ons uiterste bes sal doen so gou moontlik u te bevredig. 'n Poskaartjie aan ons is genoeg om ons 'n bestelling met u te reël.

Probeer nog vandag vir **Parwood Eiendoms Agentskap, P.K. Bus 46, Parow.**

## DANKBETUIGING

Hoofkommandante M. Swanevelder wens langs hierdie weg, Generaalskap F4 hartlik te bedank vir die simpatiebetuiging aan haar betoon met die afsterwe van haar suster.

**VORSTER.** Ds. J. D. Vorster, Nuwe Kerk, Buitekantstraat, Kaapstad, wens langs hierdie weg alle vriende van harte te bedank vir die gulde ondersteuning met die Kerkbasaar.

## BETREKKING VAKANT

JONG Afrikaner as boekhouer. Moet vol stel boeke kan hou en sober van gedrag wees. Salaris sal volgens bekwaamheid en ondervinding wees. Meld salaris deur u verlang aan **Ceres Rollermeule, Oranjestraat Ceres.**

## TE KOOP

ANGELIERPLANTE, mark en tentoonstellingsoorte, 7/6 per dosyn posvry. 10% word geskenk aan Noodhulpfonds. **J. H. Roodt, Goedgevonden, P.K. Louis Trichardt.**

BESTE kwaliteit Heuningtee: 83 pond 15/6 50 pond 10/-; 25 pond 5/6. Biesie-Besems met steele 2/-. Besems vir huishoudelike gebruik 1/6 met steele. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. J. P. Wagener, Klip Rivier, P.K. Speelmanskraal, George.

DIE volgende eersteklas uiesaad: Vroeë Kaap plat geel 7/6 per pond; Australiese bruin 6/6 per pond; Spaanse bruin 6/6 per pond; Kaapse geel (strooi kleur) 6/8 per pond. Koop regstreeks van die kweker en ondersteun julle mede-Afrikaner. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

DOPLOSE (Huskless) saadhawer. Saai 20 pond per morg. Uitstekend vir winterweiding en 'n goeie oes na die winter. £2 per sak van 150 pond. **Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.**

**HAWER PERS** in goeie toestand, alle houtdele nuut ingesit en geverf. £17-10-0 gelewer Tarkastad. **J. S. Meyer, Landbou-Ingenieur, Tarkastad.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**

**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE,**
**Posbus 660, — Johannesburg.**

Ons voorrade van **Vrugtebome** en **Rose** was vroeg uitgeput die afgelope Plant-seisoen, ons simpatiseer met die van ons klante wie se benodighede ons nie kon voorsien en gee u die goeie raad om nou u bestelling te plaas vir 1944 Winterplantseisoen, u is dan seker van u geliefkoosde soorte super-gehalte bome, betroubare diens en tevredenheid!

Sierstruike, Uitlandse bome, Palms en Heiningplante beskikbaar vir Somer-Planting.

Geillustreerde Katalogus en Plantgids gratis aan planters. (1)

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. **Petra-Meubels Bpk, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.**

MISSTOWWE. — Ons bied aan gemaalde Karoomis teen 42/6 per ton, gelewer Uniestasies. 50-50 mengsel teen 55/- per ton, gelewer Unie-stasies. Ganna loogas vir soutlek. Die beste soutlek teen geilsiek en haarwurm teen 20/- per sak, V.O.S. ons laaistasies. Kontant met bestelling aan **Nasionale Kaap Misstowwe, Posbus 27, Langlaagte, Tvl.**

'N WINSKOOP. 'n Massey-Harris blik dorsmasjien op goeie lugbande, kompleet met „belts." Kafblaser en 'n groot voorraad spaarparte. Masjien is nog feitlik nuut en in goeie werkende orde, gereed vir dors. Masjien het ook remme aan. Prys met voorraad parte: £450 kontant. Verkoper is bereid om masjien met spaarparte, kosteloos te vervoer en op Eendekuilstasie op die trein te laai, indien nodig. **Mnr. A. J. Mouton, Gelukwaarts, Citrusdal, K.P.**

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbankgebou, Bloemfontein.**

SPEELSKEIE, Bottelskeie teen 3/9. Vierkantige koppe 4/6. **Koos Botha, P.S. Serpentine, Dist. George.**

30 SPEENVARKIES. Tamworth Groot Wit geregistreerde beer. 6—8 weke oud. £1 stuk gelewer Tarkastadstasie, om einde van Maart af te lewer. **Bekker, Kleinfontein, Tarkastad.**

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro- Eccle sia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch

KOLJANDER en **Wortelsaad** direk van die produsent. 3 Pond pakkie Koljander oor die pos 3/6; 100 pond sak V.O.S. £3-15-0 K.M.B. Gemaal 5/- ekstra. Ook SHANTENY wortelsaad 1/- per ons; 10/- per pond oor die pos. **P. W. Kloppers, Paul Krugerstraat, Robertson.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

## POTCHEFSTROOM

F. GELDENHUYS, Kerkstraat 172, Potchefstroom, Foon 130. Grofsmid, hoefsmid, elektriese en suurstofsweising, punte aan ploegskare en motorbakwerk. Reparasie 'n spesialiteit. Alle werk gewaarborg.

**W. J. Grobbelaar** — Dames en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in Tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. **Kerkstraat 92, Potchefstroom. Foon 330.**

HELPMEKAAR Slaghuis, J. W. Wentzel, h/v. von Wielligh en Tomstraat, Potchefstroom. Reeds jarelank bekend vir goeie diens en kwaliteit. **Telefoon 616.**

G. J. OLIVIER, h/v. Berg en Wolmaransstraat, Potchefstroom. Algemene grof- en hoefsmid. Probeer my vir ploegskaarpunte. Deeglike en billike werk.

POTCHEFSTROOM Algemene Begrafnisfonds. Begrafnisondernemers Kontrakteure: Breytel en Seun, Kockstraat 11, Foon 210. Die enigste onderlinge begrafnisonderneming in Transvaal. Subskripsie 1/6 per maand. Deeglike werk gewaarborg.

POTCHEFSTROOM Handelaars (Edms.) Bpk., Posbus 51, Telefoons 250 en 159. Die alombekende en betroubare algemene handelsbesigheid. Direkte invoerders, Landbougereedskap en Besproeiingsbenodighede by die Potchefstroomse Koöperatiewe Handelsvereniging Bpk. Foon 626.

SENTRAAL Haarsnyers. Eienaar J. J. Brits. Haarsny, skeer, shampoo ens. Boere besoek ons vir deeglike werk. **Kerkstraat** (net langs Rendezvous Café).

STANDER se Kole, Wolmaransstraat 45, Potchefstroom, Foon 386, vir hoë gehalte huiskole, smidskole, antrasiet, vroeë hout. Persoonlike aandag en onmiddellike aflewering. Pryse redelik.

SUID Slaghuis. A. P. v. Wyk. Afrikaners van Potchefstroom ondersteun die Suid Slaghuis. Alleen die beste kwaliteit vleis word verskaf. Gelewer enige deel van die dorp.

WES-TRANSVAALSE Vendu-afslaers. Direkteure: P. A. v. d. Bank, J. H. Oosthuizen. Vendusies van enige aard word onderneem. Plase te koop ens. Kommissie en algemene agente, **Kerkstraat 88, Potchefstroom, Foon 487.**

F. ZEILER, Potgieterstraat 40 Potchefstroom, Telefoon 344. Verf van alle soorte. Spuitmiddels vir insekte soos tampans, weerluise, vlieë ens. Diefproefdraad vir vensters. Gewaarborgde diens.

# VERDERE FFEESVERSLAE

## GEBIED A

Die Wes-Kaaplandse Gebiedskwartier berig dat in die lig van die verslae wat ontvang is en nog ontvang word van die verrigtinge in die gebied blyk dit dat Vryheidsdag weer soos in die verlede plegtig deur duisende brandwagte gevier is. Vervoermoeilikhede het veroorsaak dat meer en kleiner byeenkomste gehou was. Instede dat generaalskappe of kommandos saamgetrek is, het kleiner eenhede, soos veldkornetskappe, plaaslik vergader. Oral het die geesdrif hoog opgestoot en is ruimskoots bygedra tot die Noodhulpfonds.

## GEBIED C

Die Vrystaatse Gebiedskwartier maak bekend dat swaar reëns stremmend ingewerk het op die feesvierings in die Oostelike Vrystaat. Perdekarre moes in die behoeftes van plaaslike vervoer voorsien. Baie offisiere en brandwagte uit hierdie dele het ook die Sentrale Fees op Amajuba bygewoon. Ten spyte van alles egter was die feeste goed bygewoon en het die verrigtings glad van stapel geloop.

In die ander dele van die gebied is die prestasies van die verlede oortref. As voorbeelde kan dien Fouriesburg, Bloemfontein Nedersetting, Springfontein, Marquard, Senekal, Kopjes en Wesselsbron, wat onderskeidelik £26, £38, £43, £60, £64, £70 en £71 vir die Noodhulpfonds ingesamel het.

## GEBIED D

As die tyd vir die viering van Vryheidsdag aanbreek dan staan die koppe van meeste Natalse offisiere en brandwagte Amajuba-toe. Hierdie heiligdom van die Afrikanervolk is in hul gebied geleë en hulle beskou dit steeds 'n voorreg om daar te mag feesvier. Afgesien van hierdie Sentrale fees, so berig die Natalse Gebiedskwartier verder, is Vryheidsdag deurgaans dwarsdeur die gebied met groot geesdrif gevier.

# Plaaslike Vierings Van Vryheidsdag

**Aberdeen:** Hoofkomdt. P. J. Booysen berig van 'n baie geslaagde fees, ten spyte van nat weer. Mooi bedrag van £80 is vir die Noodhulpfonds ingesamel.

**Bloemspruit:** Onder leiding van genl. A. F. Schmidt is hier 'n baie indrukwekkende fees gevier. Komdt. ds. Boshof het die gehoor geboei met 'n treffende vergelykenis tussen die brandende braambos en die vryheidsvuur. Hoofkomdt. Nel het milde offers vir die Noodhulpfonds gevra en mnr. Schalk van der Merwe, self 'n vrygelate geïnterneerde, het die diens wat hierdie fonds aan geïnterneerdes en hul afhanklikes lewer, geloof. Onder bevel van Hoofkomdt. Kriek is die program plegtig en sonder haakplek afgehandel.

**Burgersdorp:** Byeenkoms om 2-uur reeds begin met jukskeiwedstryde, en gevolg deur vleisbraaiery in die aand. Die vryheidsprogram het baie suksesvol van stapel geloop, onder leiding van Komdte. Van Rooy, Veldkt. Douw Smit en Jeugkomdt. Willie van Rooy. Aandverrigtings deur ds. S. J. van der Walt van die Geref. Kerk met Skriflesing en gebed geopen.

**Caledon:** Onder leiding van hoofkomdt. Viljoen is op die plaas Hillside, eiendom van mnr. Kleyn, 'n baie suksesvolle fees gevier. Die program het vlot afgespeel. Genl. de Vos, van die Organisasie-kantoor, het besielend gepraat oor die onkeerbare vryheidsdrang van die Afrikanervolk.

**Eendracht:** Onder aanvoering van veldkt. A. P. Groesbeek, is in hierdie klein Oos-Transvaalse dorpie, 'n baie aangename funksie op Vryheidsdag gereël. Die mooi bedrag van £30 is vir die Noodhulpfonds ingesamel. Mnr. J. J. Piek, stafhoof van die Voorligtingsafdeling het as spreker opgetree en hy het ook die aand die verrigtings by die vryheidsvuur gelei.

**George:** Ten spyte van ongestadige weer het die feesviering baie glad van stapel geloop.

**Goudini:** Geesdriftige fees gevier. Dr. D. G. Franzsen van Stellenbosch het die feesgangers op boeiende wyse toegespreek.

**Knysna:** Hoofkomdt. F. Berber deel mee dat die Vryheidsviering glad verloop het.

**Malmesbury:** Baie suksesvolle fees gevier op plaas buite dorp, lui berig.

**Montagu:** Vryheid leef! Suksesvolle fees op Montagu.

**Odendalsrus:** Komdte. Dottie Rheeder berig van 'n besonder geslaagde fees. Om 10.30 met die verrigtings 'n aanvang geneem by die Kerksaal, waar eetware verkoop was, jukskei en bakketel gespeel was. In die namiddag het Komdt. Scheepers 'n opveiling gehou. In die aand is op Koppie Alleen saamgekom waar die voorgeskrewe program op indrukwekkende wyse afgehandel is. Die mooi bedrag van £60 is vir die Noodhulp ingesamel.

**Riversdal:** Ordelike klein fees gevier onder blyke van groot belangstelling.

**Senekal:** Komdte. Human berig dat die toneel van die feestelikhede die koelte onder groot bloekombome was, op die plaas Mieliebult. Die feestelikhede het reeds om 3-uur 'n aanvang geneem. Die aandprogram is volgens plan uitgevoer. Groot geesdrif het geheers.

**Swellendam:** Komdte. M. E. Rothman deel mee dat 'n baie geesdriftige fees glad van stapel geloop het.

**Vlakfontein:** Komdt. de Wit berig van 'n uiters geslaagde vryheidsfees, wat besieling geput het uie die woorde van die gebiedsleier en die gebiedshoofvrou.

**Vlakwater:** Komdt. Posthumus berig van 'n heeltemal geslaagde klein fees, gepaard met pligsgetroue bydrae tot die Noodhulpfonds.

**Wes-Gamka:** Komdt. J. J. le Roux berig van 'n suksesvolle fees deur die manne- en vroue-kommando's.

**Wesselsbron:** Komdt. Prinsloo deel mee dat die feesviering op Amajubadag 'n groot sukses was. £71 is ingesamel vir die Noodhulpfonds.

**Worcester:** Hoofkomdt. Viljoen berig dat die fees geslaagd was.

# *VERJAARSDAGKETTING*

**16 Maart:** Hendrika W. Opperman, Merweville; Kosie Loubser, Malmesbury; John J. Freeman, Eppingtuindorp; Catherina M. Swanepoel, P.Potgietersrust.

**17 Maart:** Johanna E. W. Victor, Beaufort-Wes; Cathrina W. (Renie) Cilliers, Wolseley; Pieter H. P. Weilbach, oor Pietersburg; Roedolf Barnard, Malmesbury.

**18 Maart:** Emmerentia Pienaar, George; Louie Dürr, Malmesbury; Hannah Dürr, Malmesbury; Marie Theunissen, Duiwekop-Landgoed; Wilhelmina Blumenthal, George; ; Lynette Heyns, Humansdorp; Jurgens J. Hanekom, Paarl; M. W. Engela Jooste, Loxton; Johanna F. Brink, Wesselsbron.

**19 Maart:** Anna S. Zwart, Aughrabies; Beatrice Barnard, George; Janette F. Garbers, Beaufort-Wes; Anna Steyn, Malmesbury; Marthinus Ferreira, Humansdorp; Hannaleen le Roux, Bellville; Johanna M. Bergh, Aughrabies; Josua Dykman, Paarl.

**20 Maart:** Anthonie J. Victor, Merweville; Anna Symington, Sutherland; Jan Young, Houtbaai; Sakkie Burger, Brandvlei.

**21 Maart:** Hildegarde Fobian, Strand; Johanna du Plessis, Paarl; Clauna F. Malherbe, Vryburg; Jacobus H. Jordaan, Wesselbron.

**22 Maart:** Maria W. van Rensburg, Eppingtuindorp; Hendrik Barnard, George; Naomi Crouws, Tiervlei; Ursula de Klerk, Mowbray; Hester (Esté) Coetzee, Wolseley; Jacoba Olivier, George; Maria M. van Rensburg, Eppingtuindorp; J. Olivier, Bellville.

# O.B.-NOODHULPFONDS

**(26 DESEMBER 1943 tot 25 JANUARIE 1944)**

## GEBIED C

Kom. C: 2a1 en 2a6 £1; 2b1 £2-2-6; 2b6 £1-1-6; 3b6 £2; 3b7 £2-10-0; 3b8 £6; 3c1 £5-16-0; 3c2 en 3c7 £11-9-0; 3c6 £16-4-0; 3c7 £6; 3c8 £3; 4a7 £6; 4b8 £7-3-0; 5b2 en 5b7 £5-14-6; 5b7 £3-10-0; 6a1 18/6; 6a6 £2-6-6; 6d7 £1; 7a6 £2-17-6; 7c6 £6; 7c7 £2-15-0; 7d3 15/-; 8a8 £1; 8b6 £2-6-6; 8c6 £20; 8c8 11/-; 8d1 £4-10-0; 8c7 £1; 9c1 en 9c6 £5; 9d6 £1; 10a3 £3-12-6; 10b6 £2-15-0; Hoofkwartierstaf 8/-; Gebiedshoofgeneraal 10/-; Vriend, Bloemfontein £10; Dr. A. J. Groenewald, Bloemfontein £1; 1a9 £1-2-0; 2a3 en 2a8 £5-10-0; 3a3 £2-7-0; 4a2 £2; 5b3 £1; 6b2 £2-10-0; 6c9 £1-4-9; 7a3 en 7a8 £13-14-6; 7a7 £3-16-6; 7c2 £3-5-3; 7c7 £1; 7d2 £3-12-0; 8d6 £3; 8e1 £5; 8e7 £1; 9b1 £1; 9d1 £5-3-0; 9d6 £1; 10a2 £10-9-0; 10a3 £2-10-0; 10a7 £1-10-0; 10a8 £2-15-0; 10b6 14/6; 10c1 14/6; 11 £30; Dr. A. J. Groenewald, Bloemfontein £1. Totaal: £256-14-0.

## GEBIED E.

Kom. E: 1b1 £8-10-0; 1b2 £19-15-0; 1b7 £4-10-0; 1b8 9/-; 2a1 £5; 2a6 £2-1-6; 2a8 £2-4-0; 2b6 £6-10-0; 2b8 10/-; 2c8 £30; 3b1 £4-0-6; 3b2 £2; 3c2 £23; 3c9 £5-18-0; 4a1 £2-5-0; 4a8 £4-10-0; 4b1 £11; 4b6 £8-4-3; 4b8 £1-2-6; 4c3 £2-17-6; 4c7 £8-7-6; 4c8 £13-15-0; 6a3 £3; 6b7 £5; 6c6 £3; 7c2 £5; 7c6 £37-19-0; 7c7 £5; 8a4 £8-17-6; 9a7 12/-; 9c2 £1-12-6; 10b2 £6; 10b7 £5; 10c7 £1; Bydrae £2-3-6. Totaal: £250-17-0.

## GEBIED F.

Kom. F: 1a1 £16-9-6; 1a4 £30; 1a5 £5; 1a6 £9-15-6; 1b7 £10-10-6; 2a1 £11; 2a2 £1-9-10; 2a6 £1-9-11; 2b2 £3; 2b3 £6-2-4; 2b7 £2-3-1; 2b8 £6-9-2; 3a6 £2-2-6; 3a7 £78-16-4; 3b7 £5; 3c1 £20; 3c2 £1-6-0; 3c7 £5-14-6; 465 £9-0-3; 4b8 £10-1-0; 4c3 £5-1-0; 4c6 £30-8-0; 5b1 £4-7-6; 5c2 £33-2-0; 5c6 £11-1-3; Vriend 10/-. Totaal: £320-0-2.

## BOEREJEUG GEBIED F

J. F. 5c6 £8-11-3; D. F. 6 £4-5-0; Louis en Hendrik Nel 5/-. Totaal: £13-1-3.

**Rommelverwerking:**

Sny lappie 12dm. by 6 dm.; werk drie kante toe en stop met wol of fyn lap. Werk almal aanmekaar. Dit maak 'n mooi kinderkombersie.